Bespreek Deel 2: Belangrike Verhoudinge

Inleiding

Soos die meeste mense kan ons nie ons lewensverhaal vertel sonder om sekere sleutelpersone in ons lewens te noem nie. Dieselfde is waar van ons geloofslewe, êrens was iemand ‘n bestiering in ons lewens!

Bespreek

1. As jy terug kyk oor jou lewe, is daar iemand wat jy voel die Here jou padlangs gestuur het op ‘n kritiese tyd in jou lewe? Wie was dit en hoe het die Here die persoon gebruik in jou lewe?

   _____

   _____

Vra verskillende mense in die groep om Spreuke 13:20 uit verskillende vertalings asook Engels te lees.

Bybels gesproke beteken iemand wat WYS is dat die lewe samehangend is, maw. Dat vandag se besluite more se realiteit word. ‘n Dwaas is dan egter iemand wat dink dat vandag se besluite en optrede geen impak op sy toekoms nie.

2. Wat is die belofte vir die wat wandel met mense wat wys is? Wat is die gevolge wanneer jy jouself omring met mense wat dwaas is?

   _____

   _____

3. Die beginsel – “*ons vriende bepaal die rigting en kwaliteit van ons lewe”* was baie waar toe ons op skool was, maar is dit vandag ook van toepassing op jou volwasse lewe?

   _____

   _____

Opsomming

Uit ons eie ervaring in die lewe is dit baie duidelik dat ons vriende ons karakter vorm. Die Bybel is duidelik dat die mense waarmee ons onsself mee omring die vermoë het om of ons of geestelik te versterk of ons in ‘n rigting stuur wat ons nooit bedoel het om te gaan nie.

4. Natuurlik leef ons nie in ‘n kokon nie en het ons ook die verantwoordelikheid om uit te reik na vriende wat se lewe ontspoor het, maar hoe balanseer jy die verhouding wat jou opbou teenoor jy wat ‘n invloed kan hê om iemand anders op te bou?

   _____

   _____

Bid Saam

Bid dat die Here elkeen die wysheid sal gee om onsself te omring met mense wat ons ophou en versterk, maar ook om die **balans** te kan handhaaf om steeds uit te reik (binne grense) na vriende wat die Here nodig het.